


2/2020



#ngproteapark #waterwatlewegee  
#leefesegiel47 #onsgeom



## In hierdie uitgawe:

Goedvoelstories | Wat kan jy doen om te help? | D6 – meer besonderhede

## Personeel se boodskap van hoop:

“Ons Vader, U liefde is onbeperk, U genade is grensloos.”



# GOEDVOELSTORIES



**Die Rimpel-effek** het by twee besonderse vroue gaan kuier en gaan ontgin wat hulle tydens die nasionale inperking gedoen en aangepak het. Ons is altyd op soek na positiewe goedvoelstories, so indien jy weet van iemand kontak gerus vir Christel (082 785 2439).

## Drienie se digkuns is propvol passie

**S**uksesvolle digter, liedjieskrywer, kleuterskoolonderwyseres, ouma en ma – Drienie Kelly is ’n vrou van vele talente. Haar liefde en passie vir digkuns kom al van kindsbeen af. Sy was nog altyd lief vir boeke, tale was haar gunsteling vakke op skool en poësie het veral haar belangstelling geprikkel – veral Eugene Marais en CJ Langenhoven se gedigte het haar geïnspireer.

“Ek het nooit gedink dat ek die skrywersmark sou betree nie,” vertel Drienie. Sy het vir 15 jaar as kleuterskoolonderwyseres gewerk, en haar tyd was baie beperk. Eers toe haar laaste kind klaargemaak het met skool, het sy besluit om te fokus op letterkunde. “Dit het eers net begin as ’n manier om uiting te gee aan my emosies, maar dit het gou belangstelling ontlok op sosiale media. Vriende en familie het gevra dat ek meer skryf, en dit is waar dit alles begin het,” sê sy.

In 2019 het Drienie dit gewaag om ’n digbundel deur selfpublikasie uit te gee en dit was ’n groot sukses. Sy vertel: “Deur die genade van Jesus het deure vir my oopgegaan op ’n kritieke tyd in my lewe. Die skooltjie waar ek gewerk het, het die begin van Februarie 2020 sy deure gesluit. Skaars twee maande later laat weet Malherbe Uitgewers dat hulle my manuskrip aanvaar het – my nuwe bundel word nou deur hulle uitgegee!”

In haar vrye tyd spandeer sy tyd aan haar kinders, sy is ’n trotse ouma van ’n 16-maande dogtertjie, Miané. Musiek speel ook ’n groot rol in haar lewe. Sy het onlangs vir verskeie sangers





lirieke geskryf en hulle musiek word binnekort vrygestel.

Sy is ontsettend lief vir die berge, die bos, die see en enige plek waar haar siel kan asemhaal en waar sy in stilte met Christus kan verkeer. “Geloof en Christenskap is vir my baie belangrik en deel van my daaglikse lewe,” getuig sy.

Sy is in 1975 te Zeerust gebore, sy spandeer haar kinderjare as plaaskind op Groot-Marico en haar gesin verhuis na Rustenburg toe sy ses jaar oud was. Haar laerskooljare spandeer sy aan Laerskool Rustenburg-Noord en sy matrikuleer aan Hoërskool Grenswag.

Planne vir die toekoms sluit in ’n kinderrympieboek, kortverhaalbundel en ’n derde digbundel. Besoek ook gerus haar Facebookblad: Droomvanger vir inspirasie, musiek van haar lirieke en gedigte uit haar pen.

**Dankie vir jou inspirasie Drienie, ons kan nie wag om jou gedigte en verhale te lees nie! - Red**



### Navrae vir boekbestellings:

- [drieniekelly@gmail.com](mailto:drieniekelly@gmail.com)
- 080 536 1079

“Grondpad vol beloftes” – kontak [admin@malherbe-uitgewers.co.za](mailto:admin@malherbe-uitgewers.co.za)

Bargain Books sal ook voorraad kry indien navrae by hulle gedoen word.



# GOEDVOELSTORIES



## Koersvas en doelgerig


**D**ie energieke Ansune van der Walt sien kans vir heelwat hooi op haar vurk en inspireer soveel mense met haar volgehoue en dinamiese lewenslus.

Gedurende die grendeltydperk het sy ingespring en 'n geskenke- en koffiewinkel begin in die nabygeleë Kroondal. Die winkel is in die proses van planne maak, oordoen en mooi maak. Sy proe koeke en koffie, verf mure, pluk uit en maak skoon. Die winkel sal eersdaags oop wees vir besoekers wat opsoek is na 'n ideale geskenk vir 'n vriendin, skoonma of kollega.

Sy noem haar onderneming LENTE VLOOITJIE.

Lente Vlooitjie het ontstaan toe sy verlede jaar haar produkte op verskeie markte in die omgewing begin uitstal en verkoop het. Nou gaan haar winkel se rakke vol wees met dieselfde allermooiste kombuisgoed en -produkte.

Sy is ook die eienaar van haar eie tennisakademie: AM Tennisakademie, wat onder meer afrigting onder die naam "Teddy Tennis" insluit. Sy rig die kleinspan af met tegnieke en



strategieë wat sy as jong dogter self op die tennisbaan uitgeoefen het.

Ansune het in 2016 aan Rustenburg Hoërskool gematrikuleer en het 'n BCom Besigheidsbestuur-graad aan UNISA (Universiteit van Suid-Afrika).

Sy is al 15 jaar deel van NG Proteapark en was ook 'n groepleier by ons kerk se Jeugbediening. Die avontuurlustige Ansune het verlede jaar die voorreg gehad om saam met 'n toergroep, maar op haar eie, vir meer as twee weke 16 Europese lande besoek. Ansune en Martin de Villiers het ook onlangs verloof geraak, so sy gaan ook besig wees met troueëlings – baie geluk!!

*Ansune, jy het beslis die wêreld aan jou voete en jy sien kans vir baie dinge! Ons kan nie wag om jou winkel eersdaags te besoek nie!* – Red

d6

## Nuwe manier van kommunikeer

In die begin van die nasionale inperking, het die Kerkrad goedgekeur dat ons die D6 Connect toepassing as nuwe kommunikasiekanaal vir ons gemeente kan gebruik. Dit is 'n goeie en eenvoudige manier om enige verwickelinge, inligting en belangrike nuus vinnig en maklik by jou uit te kry. Ander inligting soos eredienstye, voorbidding en projekte word ook hier gepubliseer.

Indien jy nog nie geregistreer het nie, kontak asb vir Christel gedurende kantoorure: 082 785 2439.

**D6 Connect Toepassing: Het jy al geregistreer?**

Die D6 is NG Proteapark se nuwe manier om met ons gemeente te kommunikeer. Jy kan nou al NG Proteapark se kommunikasie op die D6 Connect-toepassing kry! Wees deel van die groter prentjie en wees altyd op hoogte van gemeentesake: voorbidding, inligting oor eredienste en ander geleenthede, nuusbriewe, kantooersake en belangrike inligting. Amper 200 gesinne is reeds geregistreer – baie dankie!

Het jy hulp nodig om dit af te laai? Het jy hulp nodig om te registreer?

- Kontak vir Christel Herbst deur die dag om te help: 082 785 2439.
- Christel sal ook elke Woensdag tussen 09:00 en 13:00 in haar kantoor beskikbaar wees om te help.

#ngproteapark #waterwatlewegee #eefesegiel47 #onsgeom #inperking2020 #fase3

d6 connect

## Die betekenis om vir iemand om te gee



**Die grootste** opdrag sekerlik vir ons in die samelewing is om iwers op een of ander wyse vir iemand om te gee. Hierdie omgee is 'n omgee-gevoel, maar dit is ook om jou in iemand anders se skoene te plaas. Dit is om iemand anders se seer as 'n

werklikheid raak te sien en te beleef. Dit is die oomblik wat jy jou hart vir iemand anders oopmaak en die ander een in sy of haar omstandighede begin verstaan.

**Hierdie "omgee" groei met tyd en dit behels 'n besluit en 'n aksie.** Dit kan beteken dat jy 'n sekere saak finansiell ondersteun of jy deel net 'n vriendelike glimlag. Dit is om iets te doen en 'n verskil te maak in iemand se lewe. Moeder Teresa het mense voortdurend aan die volgende herinner: *"There are no great things, only small things with great love. Happy are those..."*

Hierdie omgee is gekoppel aan dankbaarheid en wanneer ek en jy tyd maak om die wonderwerke van die lewe raak te sien, wonderwerke soos liefde en die feit dat ons nog 'n kwaliteit lewe kan leef, begin ons liefde deel met ander. Hierdie oomblikke begin ons verstaan wat omgee is en dat

dit eintlik die klein dingetjies is wat betekenis gee aan mense se lewe. – Geleen van Klipkerk Gemeente in Bloemfontein

### Waar kan jy betrokke raak en omgee?

- **10 Koskas-gesinne kry maandeliks kospakkies (R1400 per gesin per maand). Skenkings sluit in: mielie-meel; suiker; melk; blikkies: bully beef, tuna, groente, konfyt; koffie en tee; lyfseep; sjampoe; pakkies sop.**
- **Kindersorg: enige vleis, groente en vrugte, melk en suiker sal waardeer word.**
- **Ons voorsien twee-weeklikse kos aan ongeveer 200 kinders by Karlienpark – enige skenkings sal waardeer word.**
- **Projek Lea benodig weer dringend higiëne sakkies, wat die volgende produkte insluit: sanitêre doekies, waslap, lyfseep, deodorant, natlappies (wipes), Vaseline, tandeborsel, tandepasta.**



*Om ons te verbind tot ons gemeente se geestelike welstand, en om ons liefde te wys aan mense om ons wat tans baie swaarkry, wil ons vra dat julle elkeen 'n rooi, wit of blou strik aan die palissade by die hoofhek in Bergboslaan sal kom vasbind.*







## ONS GEE OM

Ons verstaan dat ons gemeente deur 'n moeilike storm gaan op die oomblik. Ons is steeds daar om te help! Het jy kosnodig? Of dalk het jy 'n gebed nodig? Dalk voel jy baie emosioneel en het nodig om met iemand te gesels? Kontak gerus een van ons leraars

Ds Deon: 083 627 5085  
Ds Willem: 073 529 6075



#ngproteapark #waterwatlewegoe #leefesegiel47

## Bankbesonderhede

**ABSA**  
**Rustenburg (632 005)**  
**Tjekrekening**  
**Nr: 1220 580 683**

Water wat lewe gee

NG Proteapark

Vir debietorders, dankoffers, donasies, en enige ander betalings, is hierdie ons herk se bankbesonderhede. Onthou om asb altyd 'n verwysing saam met jou inbetaling te gee. Vir verdere navrae oor finansies, kontak gerus vir Marna van Tonder



## Ons personeel stuur 'n paar woorde van bemoediging aan die gemeente - Alhoewel ons bootjies verskil, is ons almal in dieselfde storm!

**Johan**

"Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in My handpalms gegraveer."  
Jesaja 49:15-16

**Marna**

"Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."  
Jeremia 29:11

**Anja**

"Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God, nie van ons nie."  
2 Korintiërs 4:7

**Nellie**

"Here, U is my God! Ek wil U prys en u Naam loof! U het wonders gedoen; dinge wat U lankal besluit het, het U volgens plan uitgevoer."  
Jesaja 25:1

**Deon**

"Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg."  
Psalm 37:5

**Eveleen**

"Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop, en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."  
Romeine 5:3

**Alet**

"God is my redder; ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder."  
Jesaja 12:2

**Christel**

"...noggans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."  
Habakuk 3:18

**Willem**

"Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?"  
Romeine 8:35

**Eduard**

"Die offer wat U wil hê, o God, is 'n gebroke gees. 'n Gebroke en berouvolle hart sal U nie verwerp nie, o God."  
Psalm 51:19



## KERKKANTOOR: Fase 3 van Nasionale Inperking

NG Proteapark se kantoorure tydens Fase 3:

- ❖ Maandag, Woensdag en Vrydag
- ❖ Slegs tussen 09:00 – 13:00
- ❖ Streng maatreëls sal van toepassing wees:
  - ❖ Toegang slegs deur klein hekkie in Bergboslaan.
  - ❖ Temperatuur word geneem
  - ❖ Vraelys word ingevul
  - ❖ Hande word ontsmet
  - ❖ Werkoppervlaktes word ontsmet
  - ❖ Niemand mag die kerkterrein betree sonder 'n masker nie

#ngproteapark #waterwatlewegoe #leefesegiel47 #onsgemeen #inperking2020 #fase3



# Ons is: Water wat lewe gee

'n Paar jaar terug het NG Proteapark besluit om Esegieël 47:1-12 te gebruik as die gemeente visie. Die leuse: “**Water wat lewe gee**” het ontstaan. Ons wil dit graag uitleef en toepas in alles wat ons as gemeente doen. Ons het dit goedgedink om hierdie mooi Bybelgedeelte weer met julle te deel:

## Die stroom uit die heiligdom


“1Die man met die meetstok het my teruggebring na die ingang van die tempel toe. Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit aan die oostekant. Die tempel het oos gekyk. Die water het regs van die tempel weggeloop, suid van die altaar verby. 2Die man vat my toe by die noordpoort uit en om na die buitenste oospoort toe. Daar syfer die water toe regs langs die poort uit. 3Die man het oos gestap en met die maatlyn wat hy by hom gehad het vyf honderd meter afgemeet van die oospoort af. Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep. 4Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit was kniediep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom. 5Toe meet hy nog vyf honderd meter, maar toe was die water 'n stroom waar ek nie kon deur nie. Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie.

6Die man sê toe vir my: “Sien jy dit, mens?”

Hy laat my toe al langs die stroom terugstap. 7Terwyl ek so terugstap, sien ek daar staan groot, hoë bome weerskante op die stroom se wal.

8Die man het vir my gesê: “Hierdie water loop weg na die streek oos toe en af na die Jordaanvasse toe waar dit in die Dooie See sal inloop.

Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word. 9Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. **Waar die stroom kom, sal alles lewe.** 10Daar sal vissers langs die Dooie See staan van En-Gedi af tot by En-Eglajim. Dit sal 'n plek wees waar hulle nete droogmaak. Daar sal net soveel soorte vis wees as in die Groot See, en net so baie. 11Net die water in die moerasse en kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly. 12Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.”



kyk hoe buig die wolke oor die aarde neer  
dis asof hul wil streek oor die dorheid se seer  
hul tas saggies aan die harde kors  
hul weet die moeder van die heelal is dors

wag hul in opdrag van die Meester  
reg om te vertrou op bevel van die Heerser  
eers vat Hy kiekies van die verdriet  
en dan kom die stem wat eng'le gebied

die hemel se krane filtreer deur die grys  
kometers  
en Psalm 23 weerklink by 'n kers  
knieë wat buigend voor die altaar kniel  
deurgebid, deur swaarkry verniel



trane van vreugde wat meng met die reën  
hier waar genadewater dorre akker seën  
in die verte hoor ek hoe windpompe roep  
water sytel in strome tot op die plaashuis se  
stoep

sewe dae en sewe nagte skenk die liewen Heer  
stort druppels oor die droogte se velletjie neer  
dan trek die hemel sy blou tjalie aan  
en die son huppel liggies deur die ou  
kweperlaan...

©Drienie Joubert Kelly